

MNG2602

(493116)

Oktober/November 2016

HEDENDAAGSE BESTUURSKWESSIES

Tydsuur 2 Uur

70 Punte

EKSAMINATORE
 EERSTE
 TWEDE

 MEV L CRONJE
 ME I VAN WYK
Toeboekeksamen.

Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie

Die gebruik van 'n sakrekenaar is **nie toelaatbaar nie**

Hierdie invul-eksamenvraestel bestaan uit **27 bladsye**, insluitend twee bykomende bladsye waarop antwoorde voortgesit kan word (pp 24–25), twee bladsye vir rofwerk (pp 26–27) en instruksies vir die voltooiing van 'n merkleesblad

Hierdie is 'n invul-eksamenvraestel en die voltooide vraestel asook die merkleesblad moet aan die einde van die eksamensessie ingedien word.

INSTRUKSIES

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit **drie afdelings**

Afdeling A: **40 meerkeusevrae** wat **elk 1 punt** tel en wat u op die **merkleesblad** moet beantwoord

Afdeling B: **9 invulvrae** wat **elk 1 punt** tel en wat u op hierdie invul-eksamenvraestel moet beantwoord

Afdeling C: **Drie geskrewe vrae** wat **altesaam 21 punte** tel en wat u op hierdie invul-eksamenvraestel moet beantwoord

Maak seker dat u die volgende inligting op die merkleesblad ingevul het

- u studentenommer
- die modulekode van **MNG2602 (unieke nommer 493116)**

AFDELING A: MEERKEUSEVRAE**[40 PUNTE]**

Beantwoord die onderstaande meerkeusevrae op die merkleesblad wat voorsien is. Kopieer u antwoorde op hierdie vrae in die tabel op bladsy 17 om te verseker dat daar 'n rekord van u antwoord is indien die merkleesblad verlore raak.

Vraag 1

Lees die volgende agtergrondsinligting oor Le Creuset en beantwoord vraag 1

Le Creuset is 'n bekende Franse vervaardiger van kookgerei wie se handelsmerk die beste uitgeken word aan sy kleurryke, emaljegietysterkookware. Le Creuset se handelsmerk het ná die Tweede Wêreldoorlog van krag tot krag gegaan en het 'n ongekende bloeitydperk beleef wat gekenmerk is deur innovering, met 'n al groter wordende verskeidenheid kleure en style vir emaljegietysterkookware. Moderniserings by die fabriek het die organisasie se kapasiteit verhoog en Le Creuset het begin om sy produkte na ander Europese lande en die Verenigde State uit te voer. As 'n byvoordeel van hierdie uitbreiding het Le Creuset sy eerste wok in 1992 bekendgestel wat geïnspireer is deur die groeiende neiging na Asiatische kookkuns in die nuwe markte. In 1995 is die Spaans-geïnspireerde Spanish Pueblo reeks in songebakte kleure tot die kookgerei toegevoeg.

Aangepas uit: Le Creuset (2016) History [aanlyn] Beskikbaar by <http://www.lecreuset.co.za/history> (toegang verkry op 10 Februarie 2016)

1. **Evalueer die verandering wat Le Creuset ondergaan het en kies die veranderlikes wat verandering in hedendaagse organisasies beïnvloed en hoogs waarskynlik die rede vir die veranderings by Le Creuset was.**
 - a Nuwe rolle van werkers
 - b Tegnologiese vooruitgang
 - c Globalisering en die globale ekonomiese
 - d Die radikale transformasie van die wêreld van werk
 - e Die groeiende belangrikheid van intellektuele kapitaal
 - f Die verhoogde mag en eise van die klant
 - 1 a, c en f
 - 2 b, d en e
 - 3 b, c en f
 - 4 a, d en e

[BLAAI OM]

Vrae 2 en 3

Pas die toepaslike kenmerk van 'n "nuwe" organisasie in **Kolom B** by die bestuursuitdaging wat in **Kolom A** beskryf word.

Kolom A Bestuursuitdaging	Kolom B Kenmerk van 'n "nuwe" organisasie
2 'n Oormatige staatmaak op spanne	1 Buigsaamheid
3. Multi-taakverrigting	2 Genetwerk
	3 Platter en skraler
	4 Arbeidsmagdiversiteit

4. Watter een van die volgende opsies is **verkeerd** betreffende die **artefakvlak van die organisasiekultuur?**

Artefakte _____

- 1 word op die eerste vlak van die organisasiekultuur aangetref
- 2 sluit sigbare aspekte van die organisasie in
- 3 sluit die organisasie se argiewe in
- 4 kan altyd verstaan word

5. Indien werknemers gedurende die week professioneel moet aantrek, maar op Vrydae toegelaat word om informele uitrustings te dra, is dit 'n voorbeeld van 'n norm wat deel van die _____ vlak van kultuur uitmaak

- 1 tweede
- 2 vierde
- 3 derde
- 4 eerste

6. Volgens Edgar H Schein is kultuur 'n patroon van aannames wat 'n organisasie ontwikkel om probleme van eksterne aanpassing en interne integrasie te hanteer

Eksterne-aanpassingstake sluit nie die ontwikkeling van konsensus oor die _____ in nie

- 1 organisasie se doelstellings
- 2 groepsgrense en insluitingskriteria
- 3 kriteria wat gebruik word om die resultate te meet
- 4 hulpbronne wat die organisasie gebruik om sy doelwitte te verwesenlik

7. Die _____ kultuur, soos dit deur Charles Handy (1993) gekategoriseer is, word gekenmerk deur logika en rasionaliteit wat werk betref.

- 1 rol-
- 2 persoons-
- 3 mark-
- 4 proses-

8. In watter een van die onderstaande **nasionale kultuurdimensies** verkies die samelewing prestasie, heldhaftigheid (*heroism*) en selfgelding?

- 1 Onsekerheidsvermyding
- 2 Magsafstand
- 3 Kollektiwisme
- 4 Manlikeid

9. Watter een van die volgende is nie 'n riglyn soos Cummings en Worley (2009) dit identifiseer in 'n poging om 'n organisasie se kultuur te verander nie?

- 1 Die formulering van 'n nuwe visie wat die doel van die kultuurverandering.
- 2 Om mense wat nie by die kultuur inpas nie se dienste te beëindig.
- 3 Die sosialisering van nuwelinge om by die nuwe kultuur in te pas.
- 4 Om elemente van die kultuur onveranderd te laat.

10. Oorweeg die vraag: "Wat is formeel mag?"

Veronderstel nou dat die volgende antwoord gegee word. "Formele mag sluit wetlike mag in wat 'n individu, wat oor hierdie mag beskik, in staat stel om besluite oor inligtingsvloei en hulpbrontoewysings te neem. Dit sluit ook beloningsmag in wat berus by 'n individu wat werknemersvoordele kan aanbied of kan beperk."

Wat is verkeerd met die antwoord?

- 1 Beloningsmag word verkeerd beskryf
- 2 Formele mag sluit nie beloningsmag in nie
- 3 Formele mag sluit nie wetlike mag in nie.
- 4 Wetlike mag stel nie 'n individu in staat om besluite te neem nie

Vrae 11 en 12


Pas die **beskrywing** in kolom B by die korrekte fase van die onderhandelingsproses in kolom A

Kolom A Fase van die onderhandelingsproses	Kolom B Beskrywing
11. Die beplanningsfase	1 Sluit vier stappe in wat behels dat doelwitte gestel word; navorsing oor die ander party gedoen word; opsies ontwikkel word; die kwessies wat die ander party moontlik wil opper, verwag word, en die ander party toegelaat word om die eerste skuif te maak
12. Die onderhandelingsfase	2 Sluit vier stappe in wat behels dat op die geskilpunte gefokus word en nie op die individu nie; dat die ander party toegelaat word om die eerste skuif te maak; dat die ander party se behoeftes verstaan word; en dat daar nie oorhaastig 'n ooreenkoms gesluit word nie
	3 Behels dat doelwitte ten opsigte van die aanvang van die onderhandeling, 'n regverdigde en bereikbare teiken en 'n uitbreempunt gestel word
	4 Behels dat albei partye iets prys gee sodat hulle konsensus kan bereik

13. Volgens Morgan (1997) is **mag** van al die onderstaande bronne, **buiten _____, afkomstig**
- 1 informele interpersoonlike bondgenootskappe
 - 2 die beheer van tegnologie
 - 3 formele mag
 - 4 sosiale netwerke
14. Indien 'n individu die media omtrent onetiese interne organisatoriese aktiwiteite inlig, is dit 'n _____, _____ vorm van **politieke gedrag**
- 1 interne, regmatige
 - 2 eksterne; regmatige
 - 3 interne; onregmatige
 - 4 eksterne; onregmatige
15. Watter een van die volgende opsies is 'n voorbeeld van 'n **sekondêre belanghebbende**?
- 1 Gemeenskap
 - 2 Verskaffers
 - 3 Beleggers
 - 4 Krediteure

Vrae 16 en 17

Bestudeer die onderstaande figuur waarin die twee beskouings van **korporatiewe sosiale verantwoordelikheid (KSV)** geïllustreer word, en beantwoord vrae 16 en 17



16. Voltooi die figuur deur die korrekte opsie vir vraag 16 (**buitesirkel** in die figuur wat voorsien word) te kies.

- 1 sosiale mag, belanghebbende-
- 2 'n sosiale kontrak; aandeelhouers-
- 3 'n belofteverhouding; aandeelhouers-
- 4 belanghebbendewaardeskepping; belanghebbende-

17. Voltooi die figuur deur die korrekte opsie vir vraag 17 (**binnesirkel** in die figuur wat voorsien word) te kies

- 1 Melvin Anshen; belanghebbende-
- 2 Milton Friedman; aandeelhouers-
- 3 Edward Freeman; aandeelhouers-
- 4 Thomas Donaldson, belanghebbende-

- 18 Wanneer 'n eenvormige prestasiebeoordelingsbeleid gebruik word om alle werknemers op alle vlakke van die organisasie te takseer, kan die _____ benadering tot die bestuur van **diversiteit** geskik wees om bogenoemde situasie **reg te stel**
- 1 "waarde van verskille"-
2 "herstel van onreg"-
3 vergoedings-
4 gouereël-
- 19 _____ is 'n **primêre** dimensie van diversiteit.
- 1 Etnisiteit
2 Opvoeding
3 Huwelikstaat
4 Godsdienstige oortuigings
20. Die _____-diversiteitsparadigma verhoog die organisasie se effektiwiteit om nismarkte te verower.
- 1 diskriminasie-regverdigheid-
2 leer-doeltreffendheid-
3 toegang-wettigheid-
4 groei-doeltreffendheid-

Vrae 21 en 22

Orweeg die onderstaande lys veranderlikes en beantwoord vrae 21 en 22

- a Proaktief
- b Kwalitatief
- c Wetsgedreve
- d Probleemgefokus
- e Veronderstelde integrasie
- f Regeringsgeïnisieer
- g Slegs ekstern gefokus

21. Watter van bogenoemde veranderlikes is kenmerke van diversiteit?

- 1 a, b en e
- 2 a, c en g
- 3 b, d en e
- 4 c, f en g

22. Watter van bogenoemde veranderlikes is kenmerke van indiensnemings-gelykheid (*employment equity*)?

- 1 a, b en e
- 2 a, c en f
- 3 b, d en g
- 4 c, d en f

Vrae 23 tot 28

Lees die onderstaande scenario en beantwoord vrae 23 tot 28:

Projek Opsiëtwinkel!

"Opsiëtwinkels" is die jongste tendens in die kleinhandelsektor en dit stel kleinhandelaars in staat om winkels vir 'n kort tydperk oop te maak. Die tendens behels dat die winkel op 'n dag "opsiët" en dan weer ná 'n dag of eers etlike weke later verdwyn. Alhoewel hierdie winkels klein en tydelik is, kan hulle belangstelling wek deurdat hulle hul handelsware aan die verbruiker blootstel. Opsiëtkleinhandelsake stel 'n maatskappy in staat om 'n unieke omgewing te skep waarin klante betrek word en wat 'n gevoel van relevansie en interaktiviteit genereer.

Op 1 Oktober 2013 het Le Creuset opskietwinkels oopgemaak waarin 'n reeks van die topverkopers aangebied is – sowel nuwe as klassieke ontwerpe in al die helder en opsigtelike kleure waarvoor die handelsmerk bekend is Ben Paine, die besturende direkteur van die stylvolle reeks kookware, sê "Le Creuset is opgewonde daaroor om saam met Le Quartier Français (LQF) in Franschhoek 'n vennootskap te vorm. Dit is ons eerste opskietwinkel in Suid-Afrika!"

Sipho Makgopa, die Le Creuset-bestuurder wat die projek beplan en uitgevoer het, het die volgende insigte gegee. Die intreewinkel het Môreson Méthode Cap Classique (vonkelwyn) en 'n reeks spesiaal geskepte LQF-handelsware aangebied, wat ontwerp is om die Le Creuset-produkte te komplementeer, soos voorskote, reseptekaarte, notaboekies en 'n doelgemaakte reeks messe, asook Tina Jewell se beroemde fudge. Albei hierdie organisasies (Môreson- en LQF) was uiters opgewonde om aan die Franschhoek-mark blootgestel te word, en hul markaandeel is uitgebrei deurdat hulle met die toonaangewende Le Creuset-handelsmerk geassosieer word.

"Ons is in vervoering om as gasheer vir 'n Le Creuset-winkel op te tree," sê Susan Huxter, eienaar van LQF. "Die sinergie tussen die twee handelsmerke is fantasties!". "Le Creuset en LQF is wonderlike komplemente vir mekaar, en die handelsmerke gaan goed saam. Ons hou baie daarvan om Le Creuset as deel van ons alledaagse diens te gebruik – van die teekoppies vir ontbyt tot die panne in die kombuis. Ons glo dat ons gaste graag op dieselfde manier huis wil lewe as wat hulle dit by onservaar."

"Die opskietwinkel pas by die aard van Franschhoek en bied iets spesiale aan die plaaslike inwoners omdat hulle nou nie die dorp hoef te verlaat op soek na die volmaakte geskenk nie." Die werknemers by Le Creuset is opgewonde oor die projek geraak omdat dit vereis dat party van die Kaapstadse personeel tydelik aan die skone Franschhoek toegewys word.

Bron: Le Quartier Français 2013 Press release Le Creuset pop-up store set to open at Le Quartier Français! Available [online] from <http://cdn1.buuteeq.com/upload/416/pr-sep-2013-le-creuset-pr.pdf> Accessed April 2016

Gebruik die inligting oor die belanghebbendes by Projek Opskietwinkel om 'n belanghebbende analise te doen. Gebruik jou analise om vrae 23 tot 25 te beantwoord.

23. Wanneer na die belanghebbende analise gekyk word, watter belanghebbende behoort deur die projekspan **tevreden gehou te word?**

- 1 Le Creuset-werknemers
- 2 Franschhoek se plaaslike inwoners
- 3 Ben Paine
- 4 Môreson

24. Wanneer na die belanghebbende analyse gekyk word, met watter van die belanghebbendes behoort die projekspan **sterk verhoudinge te bou?**

- 1 LQF
- 2 Môreson
- 3 Franschhoek se plaaslike inwoners
- 4 Le Creuset-werknemers

25 Die belanghebbende taktiese plan vir _____ sal behels dat die projekspan hul vordering met die projek te kommunikeer deur middel van 'n **Facebook-blad**

- 1 Le Creuset-werknemers
- 2 Tina Jewell
- 3 Ben Paine
- 4 Môreson

Vrae 26 tot 28

Oorweeg die sleutelrolspelers in projekbestuur en beantwoord vrae 26 tot 28.

26. Ben Paine is die _____ van Projek Opsiëtwinkel

- 1 openbare gesig
- 2 projekborg
- 3 bedryfsbestuurder
- 4 programbestuurder

27. Sipho Makgopa is die _____ van Projek Opsiëtwinkel.

- 1 openbare gesig
- 2 projekborg
- 3 bedryfsbestuurder
- 4 programbestuurder

28. Projek Opskietwinkel het 'n _____ perspektief en dit word op die _____ vlak aangebied

- 1 interne, operasionele
- 2 interne; bemarkings-
- 3 eksterne, strategiese
- 4 eksterne, taktiese

29. Lees die onderstaande paragraaf oor 'n organisatoriese **waardeketting** en korrigeer dit deur die korrekte opsie te kies.

Om die waardeketting te optimaliseer, moet organisasies hul fokus na die interne doeltreffendheid van die sekondêre aktiwiteite verskuif. Doeltreffendheid word bereik deur operasionele insette te verminder en operasionele uitsette te optimaliseer, met weinig of geen beleggings of uitbreidings wat onderneem word nie.

- 1 Die woord "interne" moet deur "eksterne" vervang word.
- 2 Die woord "sekondêre" moet deur "primêre" vervang word
- 3 Die woord "doeltreffendheid" moet deur "effektiwiteit" vervang word
- 4 Die woorde "weinig of geen" moet deur "enkele" vervang word en die "nie" moet geskrap word.

30. Watter een van die onderstaande kenmerke beskryf 'n **kommissiegebaseerde e-sake inkomstegenererende model** die beste?

- 1 'n Bedrag geld word vir tussengangersdienste gevra. Dit voeg waarde toe deurdat dit kundigheid en/of toegang tot 'n wye netwerk alternatiewe bied
- 2 Hierdie model behels dat handelsware met verhoogde pryse verkoop word. Dit voeg waarde toe deur middel van keurings- en distribusiedoel-treffendheid.
- 3 Fooie word gehef vir die onbeperkte gebruik van die diens of inhoud. Dit voeg waarde toe deurdat dit 'n sterk handelsmerk hefboomfinansier.
- 4 Fooie word vir afgemete dienste gevra. Dit voeg waarde toe deurdat diens-doeltreffendheid, kundigheid en praktiese uitkontrakterings-oplossings voorsien word.

Vrae 31 tot 33

Bepaal of die onderstaande stellings waar of vals is:

- 31 'n Inkopieplatform vir 'n onderneming wat digitaal en tradisioneel werk, vertoon produkte deur aan klante toegang tot 'n inventaris van voorraad te gee. Dit maak voorsiening vir die neem van bestellings en die bestuur van klantedata.

- 1 Waar
2 Vals

32. Die gevorderde tegnologie vir e-sake, naamlik **bestuursinligtingstelsels**, kan die organisasie goed te staan kom deur as 'n vroeë waarskuwingstelsel gebruik te word en die bestuur in staat te stel om vroegtydig voorkomingsmaatreëls te tref

- 1 Waar
2 Vals

33. Belangrike oorwegings vir **e-sakewebbestuur** is die beheer, ontwikkeling en bestuur van 'n webtuiste

- 1 Waar
2 Vals

34. Kies die **korrek** saamgestelde sin betreffende **groepes en spanne** uit die stellings hier onder:

- 1 'n Taakgroep is 'n eenheid bestaande uit twee of meer mense wat hoofsaaklik met mekaar in wisselwerking verkeer om inligting te deel en besluite te neem wat elke groepslid sal help om in sy of haar area van verantwoordelikheid te presteer.
- 2 Selfbestuurde werkspanne kan kostes verminder omdat hulle vinnig besluite kan neem en in werking stel asook volle verantwoordelikheid vir die uitkomste daarvan kan aanvaar
- 3 Die rede vir die bestaan van belanggroepes is dat die lede bepaalde dinge in gemeen het, soos soortgelyke stokperdjies, wat hulle met kollegas kan deel.
- 4 Belbin lys agt rolle wat by spanne teenwoordig moet wees om effekief te wees en dui aan dat die optimum grootte van 'n span sewe tot tien lede is.

35. Die groepsgedragsmodel beeld vyf veranderlikes uit wat _____.

- 1 die ontwikkeling en effektiwiteit van werkgroepe in organisasies beïnvloed
- 2 groepslede moet baasraak ten einde as 'n samehorige eenheid te funksioneer
- 3 die ontwikkelingstadiums van groepe voorstel
- 4 die werksverrigting van individue in groepe vooruitskat

36. _____ en _____ omskryf 'n groep se struktuur.

- 1 Kohesie, leierskap
- 2 Leierskap, mag en politiek
- 3 Gesagstrukture, groepsbesluitneming
- 4 Groepsbesluitneming; prestasiebestuur

37. _____ maak deel van die **organisasiekonteks** uit wat die funksionering van 'n groep beïnvloed.

- 1 Groepsbesluitneming
- 2 Gesagstrukture
- 3 Mag en politiek
- 4 Leierskap

38 'n Voorbeeld van 'n **groepsproses** is _____.

- 1 prestasiebestuur
- 2 groepsbesluitneming
- 3 personeelkeuring
- 4 leierskap

Vraag 39

Lees die onderstaande gesprek tussen twee kolgas en beantwoord vraag 39



39. Voltooi die gesprek deur die korrekte opsie, wat hier onder voorsien word, te kies.

- 1 (i) belang-; (ii) norm-
- 2 (i) belang-, (ii) vormings-
- 3 (i) taak-; (ii) storm-
- 4 (i) taak-; (ii) vormings-

40. Organisasies wat **individue graag tot spanlede wil ontwikkel**, het verskeie opsies. Indien hulle reeds hul keuringsprosedures om nuwe werknemers aan te stel asook hul beloningstelsels verander het, watter opsie is daar vir hulle oor?

- 1 Om 'n omkeerstrategie te implementeer deur personeel met ongewenste persoonlikheidstrekke te ontslaan.
- 2 Om aansporings te verskaf ten einde werknemersprestasie te erken.
- 3 Om die Belbin-metode te gebruik ten einde die uiteenlopende vaardighede te verbeter.
- 4 Om spanbou-intervensies in te span

SUBTOTAAL AFDELING A: 40 PUNTE

Kopieer u antwoorde van die merkleesblad in die tabel hier onder sodat ons dit kan nasien indien u merkleesblad verlore raak

Skryf SLEGS die opsienommer in die antwoordkolom neer

Byvoorbeeld.

Vraag	Antwoord
1.	3

BELANGRIK: U moet nog steeds die merkleesblad invul aangesien die tabel slegs gebruik sal word wanneer die merkleesblad verlore raak.

Vraag	Antwoord		Vraag	Antwoord
1.			21.	
2.			22.	
3.			23.	
4.			24.	
5.			25.	
6.			26.	
7.			27.	
8.			28.	
9.			29.	
10.			30.	
11.			31.	
12.			32.	
13.			33.	
14.			34.	
15.			35.	
16.			36.	
17.			37.	
18.			38.	
19.			39.	
20.			40.	

AFDELING B: INVULVRAE**[9 PUNTE]**

- Beantwoord die invulvrae in die ruimte wat in hierdie antwoordskrif voorsien word.
- Skryf leesbaar.

1. _____ omsluit die proses van strategiese ontleding, formulering, implementering en beheer.
2. Die werklike uitdaging van enige **wenstrategie** is die skepping van 'n _____ voordeel wat omskryf kan word as die vermoë om waarde te skep wat mededingers nie kan duplikeer nie.
3. Korporatiewe burgerskap, etiese leierskap en volhoubaarheid is dimensies van die _____.
4. 'n Belangrike faktor wat bydra tot die _____ van 'n organisasie is die waarde wat die organisasie vir sy klante skep
5. _____ versterk 'n organisasie se kultuur en hou verband met 'n organisasie se suksesse en misluknings
6. _____ kultuur, soos gekategoriseer deur Jones *et al.* (2006), word gekenmerk deur lede wat aangemoedig word om met mekaar in wisselwerking te tree
7. Volgens die **deontologiebenadering tot normatiewe etiek** word die moraliteit van 'n optrede beoordeel aan die hand van die _____
8. Die King III-verslag oor korporatiewe beheer is 'n voorbeeld van die _____ benadering tot korporatiewe beheer.
9. Die **korporatiewe beheer van etiek** is gemoeid met die _____, terwyl die **etiek van korporatiewe beheer** te doen het met die ontwikkeling van die organisasie se etiese kultuur.

SUBTOTAAL AFDELING B: 9 PUNTE**[BLAAI OM]**

AFDELING C: GESKREWE VRAE**[21 PUNTE]**

- Beantwoord die geskreve vrae in die ruimte wat in hierdie antwoordskrif voorsien word.
- Beplan u antwoorde sorgvuldig terwyl u die toegewese ruimte vir u antwoord in gedagte hou.
- Skryf leesbaar.
- Geen punte word toegeken slegs vir die opnoem van feite (teorie) nie aangesien daar in die vrae van u verwag word om die teorie toe te pas.

Lees die onderstaande Le Creuset-scenario en beantwoord vraag 1 tot 3

Le Creuset word regoor die wêreld herken aan sy toonaangewende, herkenbare, topgehalte-reeks emaljegietsterkookgerei asook die "multi-ply" vlekvryestaalprodukte, versterkte, en kleefvrye erdewerk en keramiekware, tesame met die uitstekende reeks wyntoebehore

Le Creuset is in 1925 op die been gebring en maak al amper 100 jaar lank wêreldklas kookgerei Innovering bly steeds die hoofrede vir Le Creuset se sukses. Le Creuset-kookgerei word deur oumas, ooms, vooraanstaande sjefs en vurige kokke regoor die wêreld gebruik en keer op keer word uitstekende resultate verkry. Die maatskappy gaan steeds voort om die handgemaakte tegnieke en die oorspronklike proses van smee- en gietwerk in die vervaardiging van sy kookgerei te gebruik. Hierdie aandag aan sy erfenis is ook kenmerkend van die ontwerp van die kookgerei. Die Cocotte, of Franse Oond, was een van die eerste gietsterartikels wat Le Creuset geproduseer het en is steeds die gewildste artikel wat in 'n reeks helder retrokleure verkoop word, met Volcanic (oranje) wat die maatskappy se handelsmerkkleur is.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het Le Creuset, in teenstelling met sy mededingers, op sy reeks emaljegietsterkookgerei gekonsentreer en het 'n groot innovesterder van daardie tyd, met nuwe en opwindende style en stukke geword. Die oorspronklikheid kon gesien word in die skepping van die verskillende emaljekleure.

In 1952 het die maatskappy begin om in aller erns na ander lande uit te voer, met steeds groeiende volumes produkte wat vir ander Europese lande en die Verenigde State bestem was. Gevolglik het Le Creuset in 1957 sy groot mededinger, les Hauts Fourneaux van Cousances, die ontwerper van die gewilde *Doufeu* ('n Cocotte met 'n waterdeksel), uitgekoop. In 1958 het Le Creuset die *Coquelle* wat ontwerp was deur Raymond Loewy bekendgestel. Hy was 'n beroemde Frans-Amerikaanse ontwerper wat tereg die "Vader van Nywerheidsontwerp" genoem word. In 1962 het die maatskappy sy eerste fonduestel bekendgestel – dit was geïnspireer deur die groeiende tendens in wintersport en skivakansies. Die eerste braaiestel is in 1963 bekendgestel.

In 1966 het Le Creuset die fabrieksproduksietoerusting gemoderniseer en is die handgietwerkswinkel deur semi-automatiese masjinerie vervang. In 1970 het Le Creuset die Godin-maatskappy oorgeneem wat spesialiste in hoogoonde en oonddroging vir smeltery was wat in die vervaardiging van die Le Creuset-produkte gebruik is. In 1972 het die gevierrede Italiaanse ontwerper, Enzo Mari, die tradisionele cocotte herontwerp en het die "Mama"-reeks met sy opvallende handvatselform tot stand gekom. Die totale produksie daarvan het 6 000 ton oorskry! In 1974 het Le Creuset hom in die VSA gevestig deur sy eie filiaal in Suid-Carolina op te rig genaamd "Le Creuset of America Inc".

Vraag 1**(7 punte)**

Evalueer die opsomming hier onder deur te identifiseer watter stellings oor verandering in die samevatting weggelaat word, wat is korrek en wat is verkeerd

In die scenario het Le Creuset heelwat veranderinge ondergaan. Hierdie veranderinge het plaasgevind vanweé interne en eksterne veranderingskragte. Die interne veranderingskrag, wat uit die scenario blyk, is die verandering in strategie en die druk om te groei, terwyl makro-ekonomiese faktore soos die ekonomie, die ontwikkeling van nuwe tegnologie en die verandering in klantevoordeure geïdentifiseer kan word.

Die interne veranderingskrag/te wat korrek geïdentifiseer is in die opsomming is:

Die interne veranderingskrag/te wat verkeerd geïdentifiseer is in die opsomming is:

Die interne veranderingskrag/te wat aangedui is in die scenario, maar uit die opsomming weggelaat is, is:

Die makro-ekonomiese faktor/e wat korrek geïdentifiseer is in die opsomming is:

Die makro-ekonomiese faktor/e wat verkeerd geïdentifiseer is in die opsomming is:

Die makro-ekonomiese faktor/e wat aangedui is in die scenario, maar uit die opsomming weggelaat is, is:

Die makro-ekonomiese faktor/e wat aangedui is in die opsomming, maar nie sigbaar is in die scenario nie, is:

Vraag 2**(8 punte)**

Gee 'n interpretasie van hoe verandering by Le Creuset gehanteer word deur van die **dimensies van verandering** gebruik te maak.

Lys eerstens die vier dimensies van verandering, en kies dan waar die veranderinge by Le Creuset val op elk van die dimensies se kontinuums.

Vraag 3

(6 punte)

Identifiseer Le Creuset se generiese strategie Gee redes vir u antwoord deur die strategie korrek te omskryf en dan bewyse daarvan uit die scenario aan te haal.

[BLAAI OM]

SUBTOTAAL VAN AFDELING C: 21 PUNTE

GROOTTOTAAL: 70 PUNTE

© UNISA 2016

[BLAAI OM]

Ruimte om u antwoorde voort te sit: Werk wat op hierdie bladsy gedoen word, word slegs nagesien indien u duidelik verwys na elke vraag wat u hier beantwoord

Ruimte om u antwoorde voort te sit: Werk wat op hierdie bladsy gedoen word, word slegs nagesien indien u duidelik verwys na elke vraag wat u hier beantwoord.

ROFWERK – WORD NIE NAGESIEN NIE

[BLAAI OM]

ROFWERK – WORD NIE NAGESIEN NIE

PART 1 (GENERAL/ALGEMEEN) DEEL 1

**STUDY UNIT e.g. PSY100 X
STUDIE EENHEID bv. PSY100 X**

**INITIALS AND SURNAME
VOORLETTERS EN VAN**

PAPER NUMBER
VRAESTELNOMMER

DATUM VAN EKSAMEN

UNIQUE PAPER NO.
UNIEKE VRAESTEL NR.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	1
1	2	3	4	5	6	7	8	9	1
1	2	3	4	5	6	7	8	9	1
1	2	3	4	5	6	7	8	9	1

8
9

3

4

5

For use by examination invigilator

Vir gebruik deur eksamenopsiener

IMPORTANT

- 1 USE ONLY AN HB PENCIL TO COMPLETE THIS SHEET
 - 2 MARK LIKE THIS 
 - 3 CHECK THAT YOUR INITIALS AND SURNAME HAS BEEN FILLED IN CORRECTLY
 - 4 ENTER YOUR STUDENT NUMBER FROM LEFT TO RIGHT
 - 5 CHECK THAT YOUR STUDENT NUMBER HAS BEEN FILLED IN CORRECTLY
 - 6 CHECK THAT THE UNIQUE NUMBER HAS BEEN FILLED IN CORRECTLY
 - 7 CHECK THAT ONLY ONE ANSWER PER QUESTION HAS BEEN MARKED
 - 8 DO NOT FOLD

BELANGRIK

- 1 GEBRUIK SLEGS N HB POTlood OM HIERDIE BLAD TE VOLTOOI!
 - 2 MERK AS VOLG
 3. KONTROLEER DAT U VOORLETTERS EN VAN REG INGEVUL IS
 - 4 VUL U STUDENTENOMMÉR VAN LINKS NA REGS IN.
 - 5 KONTROLEER DAT U DIF KORREKTE STUDENTENOMMÉR VERSTREK HET
 - 6 KONTROLEER DAT DIE UNIEKE NOMMER REG INGEVUL IS
 - 7 MAAK SEKER DAT NET EEN ALTERNATIEF PER VRAAG GEMERK IS
 8. MOENIE VOU NIE

PART 2 (ANSWERS/ANTWOORDE) DEEL 2

1	c13 c23 c33 c43 c53
2	c13 c23 c33 c43 c53
3	c13 c23 c33 c43 c53
4	c13 c23 c33 c43 c53
5	c13 c23 c33 c43 c53
6	c13 c23 c33 c43 c53
7	c13 c23 c33 c43 c53
8	c13 c23 c33 c43 c53
9	c13 c23 c33 c43 c53
10	c13 c23 c33 c43 c53
11	c13 c23 c33 c43 c53
12	c13 c23 c33 c43 c53
13	c13 c23 c33 c43 c53
14	c13 c23 c33 c43 c53
15	c13 c23 c33 c43 c53
16	c13 c23 c33 c43 c53
17	c13 c23 c33 c43 c53
18	c13 c23 c33 c43 c53
19	c13 c23 c33 c43 c53
20	c13 c23 c33 c43 c53
21	c13 c23 c33 c43 c53
22	c13 c23 c33 c43 c53
23	c13 c23 c33 c43 c53
24	c13 c23 c33 c43 c53
25	c13 c23 c33 c43 c53
26	c13 c23 c33 c43 c53
27	c13 c23 c33 c43 c53
28	c13 c23 c33 c43 c53
29	c13 c23 c33 c43 c53
30	c13 c23 c33 c43 c53
31	c13 c23 c33 c43 c53
32	c13 c23 c33 c43 c53
33	c13 c23 c33 c43 c53
34	c13 c23 c33 c43 c53
35	c13 c23 c33 c43 c53

36	c11 c21 c31 c41 c51
37	c11 c21 c31 c41 c51
38	c11 c21 c31 c41 c51
39	c11 c21 c31 c41 c51
40	c11 c21 c31 c41 c51
41	c11 c21 c31 c41 c51
42	c11 c21 c31 c41 c51
43	c11 c21 c31 c41 c51
44	c11 c21 c31 c41 c51
45	c11 c21 c31 c41 c51
46	c11 c21 c31 c41 c51
47	c11 c21 c31 c41 c51
48	c11 c21 c31 c41 c51
49	c11 c21 c31 c41 c51
50	c11 c21 c31 c41 c51
51	c11 c21 c31 c41 c51
52	c11 c21 c31 c41 c51
53	c11 c21 c31 c41 c51
54	c11 c21 c31 c41 c51
55	c11 c21 c31 c41 c51
56	c11 c21 c31 c41 c51
57	c11 c21 c31 c41 c51
58	c11 c21 c31 c41 c51
59	c11 c21 c31 c41 c51
60	c11 c21 c31 c41 c51
61	c11 c21 c31 c41 c51
62	c11 c21 c31 c41 c51
63	c11 c21 c31 c41 c51
64	c11 c21 c31 c41 c51
65	c11 c21 c31 c41 c51
66	c11 c21 c31 c41 c51
67	c11 c21 c31 c41 c51
68	c11 c21 c31 c41 c51
69	c11 c21 c31 c41 c51
70	c11 c21 c31 c41 c51

71	c13 c23 c33 c43 c53
72	c13 c23 c33 c43 c53
73	c13 c23 c33 c43 c53
74	r13 c23 c33 c43 c53
75	c13 c23 c33 c43 c53
76	c13 c23 c33 c43 c53
77	c13 c23 c33 c43 c53
78	c13 c23 c33 c43 c53
79	c13 c23 c33 c43 c53
80	c13 c23 c33 c43 c53
81	c13 c23 c33 c43 c53
82	c13 c23 c33 c43 c53
83	c13 c23 c33 c43 c53
84	c13 c23 c33 c43 c53
85	c13 c23 c33 c43 c53
86	c13 c23 c33 c43 c53
87	c13 c23 c33 c43 c53
88	c13 c23 c33 c43 c53
89	c13 c23 c33 c43 c53
90	c13 c23 c33 c43 c53
91	c13 c23 c33 c43 c53
92	c13 c23 c33 c43 c53
93	c13 c23 c33 c43 c53
94	c13 c23 c33 c43 c53
95	c13 c23 c33 c43 c53
96	c13 c23 c33 c43 c53
97	c13 c23 c33 c43 c53
98	c13 c23 c33 c43 c53
99	c13 c23 c33 c43 c53
100	c13 c23 c33 c43 c53
101	c13 c23 c33 c43 c53
102	c13 c23 c33 c43 c53
103	c13 c23 c33 c43 c53
104	c13 c23 c33 c43 c53
105	c13 c23 c33 c43 c53

108	c13 c23 c33 c43 c53
107	c13 c23 c33 c43 c53
108	c13 c23 c33 c43 c53
109	c13 c23 c33 c43 c53
110	c12 c23 c32 c42 c53
111	c13 c23 c33 c42 c53
112	c13 c23 c33 c42 c53
113	c13 c23 c33 c42 c53
114	c13 c23 c33 c43 c53
115	c13 c23 c33 c43 c53
116	c13 c23 c33 c43 c53
117	c13 c23 c33 c43 c53
118	c13 c23 c33 c43 c53
119	c13 c23 c33 c43 c53
120	c13 c23 c33 c43 c53
121	c13 c23 c33 c43 c53
122	c13 c23 c33 c43 c53
123	c13 c23 c33 c43 c53
124	c13 c23 c33 c43 c53
125	c13 c23 c33 c43 c53
126	c13 c23 c33 c43 c53
127	c13 c23 c33 c43 c53
128	c13 c23 c33 c43 c53
129	c13 c23 c33 c43 c53
130	c13 c23 c33 c43 c53
131	c13 c23 c33 c43 c53
132	c13 c23 c33 c43 c53
133	c13 c23 c33 c43 c53
134	c13 c23 c33 c43 c53
135	c13 c23 c33 c43 c53
136	c13 c23 c33 c43 c53
137	c13 c23 c33 c43 c53
138	c13 c23 c33 c43 c53
139	c13 c23 c33 c43 c53
140	c13 c23 c33 c43 c53

c43 c51	46	c13 c23 c33 c43 c53	81	c13 c23 c33 c43 c53	116
c43 c51	47	c13 c23 c33 c43 c53	82	c13 c23 c33 c43 c53	117
c43 c51	48	c13 c23 c33 c43 c53	83	c13 c23 c33 c43 c53	118
c43 c51	49	c13 c23 c33 c43 c53	84	c13 c23 c33 c43 c53	119
c43 c51	50	c13 c23 c33 c43 c53	85	c13 c23 c33 c43 c53	120
c43 c51	51	c13 c23 c33 c43 c53	86	c13 c23 c33 c43 c53	121
c43 c51	52	c13 c23 c33 c43 c53	87	c13 c23 c33 c43 c53	122
c43 c51	53	c13 c23 c33 c43 c53	88	c13 c23 c33 c43 c53	123
c43 c51	54	c13 c23 c33 c43 c53	89	c13 c23 c33 c43 c53	124
c43 c51	55	c13 c23 c33 c43 c53	90	c13 c23 c33 c43 c53	125
c43 c51	56	c13 c23 c33 c43 c53	91	c13 c23 c33 c43 c53	126
c43 c51	57	c13 c23 c33 c43 c53	92	c13 c23 c33 c43 c53	127
c43 c51	58	c13 c23 c33 c43 c53	93	c13 c23 c33 c43 c53	128